Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

# BESTUUR: BOERDERY N5

(4090555)

**11 November 2022 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**



Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za


**DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**
NASIONALE SERTIFIKAAT
BESTUUR: BOERDERY N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


## VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

1.1.1 Daar is ’n verskil tussen ’n trust en ander vorme van eienaarskap ten opsigte die regsaspek van die besigheid.

1.1.2 ’n Vennootskap het beperkte kontinuïteit.

1.1.3 Ekonomiese innovering verwys na die “HOE” van entrepreneurskap.

1.1.4 ’n Trust word deur die aangewese trustee bestuur.

1.1.5 Die wins van ’n alleenhandelaar word twee keer belas.

(5 × 2) (10)

1.2 Stel jou voor jy is ’n entrepreneur wat die plaas Middledrift besit.

1.2.1 Studies van entrepreneurskap het aangedui dat dit deur sekere elemente bevorder word.

Gee ’n kort verduideliking van VIER elemente waarop jy sal fokus om entrepreneurskap onder jou werknemers te bevorder. (4 × 2) (8)

1.2.2 Bespreek enige VYF funksies wat jy as ’n entrepreneur sal uitvoer in die produksieproses op die plaas Middledrift. (5 × 2) (10)

1.2.3 Noem TWEE persoonseienskappe wat jou ’n goeie entrepreneur sal maak wat jou in staat sal stel om die plaas Middledrift suksesvol te bedryf. (2)

1.3 Dui aan of die volgende stellings BEHEERBAAR of ONBEHEERBAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Beheerbaar' of 'Onbeheerbaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK.

1.3.1 Banke wat vir boere lenings aanbied, verhoog die rentekoerse met 3 persentasiepunte.

1.3.2 Plaaswerkers verlaat die plaas vanweë die swak kommunikasie deur die plaasbestuurder.

1.3.3 ’n Bokboer ondervind lae verkoopvolumes van sy bokke omdat hy nie inligting het om hierdie produk te bemark nie.

1.3.4 ’n Boer kan nie ’n lening verkry om ’n trekker te koop nie as gevolg van haar onbevredigende kredietrekord.

1.3.5 Die regering verhoog die minimum loon vir plaaswerkers.

(5 × 2) (10)

**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## VRAAG 2

2.1 Kies die ondernemingsvorms uit KOLOM B wat pas by 'n verduideliking in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | Die samewerkingsooreenkoms word in die onderneming gebruik. | A | Trust |
| 2.1.2 | Die akte van inkorporasie bevat die reëls en regulasies vir die bestuur van die onderneming. | B | Maatskappy |
| 2.1.3 | Lidmaatskap wissel van 2 tot 20 natuurlike persone. | C | Alleeneienaar |
| 2.1.4 | Wanneer hierdie tipe onderneming gevestig word, vind 3 lede uit dat die Stigtingsakte een van die belangrikste dokumente is. | D | Vennootskap |
| 2.1.5 | Mev. Fani het besluit om een van haar plase te isoleer sodat dit namens haar kinders bestuur word. | E | Beslote korporasie |

(5 × 2) (10)

2.2 Mev. Obriel besluit om gebruik te maak van 'n besigheidstrust as 'n vorm van eienaarskap vir haar besigheid. Sy kies Mnr. William om as haar trustee op te tree.

2.2.1 Noem die TWEE hooftipes trusts wat die Suid-Afrikaanse regstelsel voorsiening maak. (2)

2.2.2 Mev. Obriel besluit om 'n besigheidstrust te stig omdat sy sekere voordele wil verkry. Noem VYF voordele van trusts wat Mev. Obriel in gedagte het. (5 × 2) (10)

2.2.3 Beskryf VIER verpligtinge wat Mnr. William in die trust het. (4 × 2) (8)

2.3 Vóór 2011 het sommige entrepreneurs in Suid-Afrika hulle besighede as beslote korporasies geregistreer. Noem VYF voordele van beslote korporasies as 'n besigheidsonderneming. (5 × 2) (10)

**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## VRAAG 3

3.1 Stel jou voor jy die Uitvoerende Hoof van Welly Farming Enterprise (WFE) en jy het 'n strategiese plan vir jou plaas uitgewerk.

3.1.1 Definieer strategiese beplanning. (2)

3.1.2 Noem VYF kenmerke wat geassosieer word met die plan wat jy vir WFE ontwikkel het. (5 × 2) (10)

3.1.3 Bespreek VIER voordele wat die plan wat jy vir WFE ontwikkel het sal hê. (4 × 2) (8)

3.1.4 Noem VYF strategieë wat nie WFE se winsgewendheid sal verbeter nie, maar risikobeskerming sal bied. (5 × 2) (10)

3.2 Noem en verduidelik enige VYF bronne van risiko's en onsekerhede in landbou. (5 × 2) (10)

**[40]**

## VRAAG 4

4.1 Kies die ondernemingsvorms uit KOLOM B wat pas by 'n verduideliking in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.1.1 | Opvolging wat plaasvind wanneer 'n testateur 'n testament gehad het met geen handtekeninge nie. | A | Vervanging |
| | | B | Modus |
| 4.1.2 | Mnr. Mzamo bemaak sy plaas aan sy seun Luyolo, op voorwaarde dat Luyolo R1 000 000 aan Mnr. Mzamo se suster, Zoleka betaal. | C | Intestaat |
| | | D | Testaat |
| 4.1.3 | Samestelling van die boedel | E | Kodisil |
| | | F | Boedel |
| 4.1.4 | Mnr. Bob benoem alternatiewe erfgename sou die eerste erfgenaam nie meer leef wanneer hy/sy die erfporsie moes kry nie. | G | Voorraad |
| 4.1.5 | 'n Verklaring of byvoeging by Mnr. Bob se testament sal in 'n later stadium gemaak word. | | |

(5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


4.2 Dit is belangrik dat individue testamente moet hê wat die verdeling van hulle boedel kan vergemaklik wanneer hulle sterf.

4.2.1 Stel jou voor dat Mnr. Chauke gesterf het en sy testament Rose as ’n legataris en Molly as ’n erfgenaam aandui. Onderskei tussen wat Rose uit Mnr Chauke se boedel sal kry en wat Molly sal kry. (4)

4.2.2 Beskryf hoe Mnr. Chauke sou seker maak dat sy testament wettig was. (8)

4.3 Met verwysing na Mnr. Chauke se testament, beskryf die volgende terme:

4.3.1 Inhoud van sy testament

4.3.2 Eksekuteur

4.3.3 Konsolidasie van testamente

(3 × 3) (9)

4.4 Definieer en ’n voorbeeld van vruggebruik. (4)

4.5 Gee VYF redes vir die gebruik van testamentêre trusts. (5)

**[40]**

**VRAAG 5**

5.1 Beskryf die aard van die volgende tipes versekering.

5.1.1 Aftree-annuïteite (5)

5.1.2 Omvattende derde party (5)

5.2 Stel jou voor jy is ’n versekeringsagent wat Mnr. Toto, ’n boer wat in Limpopo gesetel is help. Die boer het besluit om ’n oesversekeringspolis uit te neem. Jou taak is om seker te maak dat jy inligting oor hierdie tipe versekering aan Mnr Toto gee. Onder die opskrifte wat hier onder gegee word, bespreek wat jou voorlegging aan die boer sal behels.

5.2.1 Wat word gedek? (4)

5.2.2 Wat word nie gedek nie? (3)

5.2.3 Hoe sal premies vir die versekering bepaal en bereken word? (3)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


5.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (5.3.1–5.3.5) in die ANTWOORDBOEK.

5.3.1 Die beginsel wat geld ten opsigte van korttermyn versekering is vrywaring.

5.3.2 ’n Persoon in beheer van die administrasie van die boedel word die seremoniemeester genoem.

5.3.3 As die opbrengs van korttermyn versekering van ’n kapitale aard is, is dit belasbaar.

5.3.4 ’n Aanspreeklikheidsklousule staan ook bekend as ’n modus.

5.3.5 Die openbaarmakingsplig verwys na die inkomste van die versekerde.

(5 × 2) (10)

5.4 Identifiseer die volgende lewenspolisse. Skryf slegs die naam van die polis langs die vraagnommer (5.4.1–5.4.5) in die ANTWOORDBOEK.

5.4.1 Die versekerde bedrag word slegs uitbetaal wanneer Mev. Moss sterf.

5.4.2 Die versekerde bedrag word ná 10 jaar aan Mev. Moss uitbetaal of wanneer sy sterf vóór die 10 jaar verloop het.

5.4.3 Wanneer die versekerde bedrag, plus bonusse, waar lewensversekering nie ingesluit is nie, ná 10 jaar aan Mev. Moss betaal word of wanneer sy sterf voordat die 10 jaar verloop het.

5.4.4 Mev. Moss ontvang ’n kombinasie van ’n helelewenspolis met wins waarby ’n termynpolis geïnkorporeer is.

5.4.5 ’n Versekering wat beskerming bied sou Mev. Moss medies ongeskik verklaar word vir haar normale werk as gevolg van ’n ongeluk.

(5 × 2) (10)
**[40]**

**TOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou